

# “DIE BLINKKLIPPIE”

Gereformeerde Kerk Postmasburg Weekblad -  
21 Julie 2019 (Jaargang 19 - nr. 29)

**HARTLIK WELKOM!** Dit is waarlik ‘n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die Here te kan dien.

**Vanoggend se diens om 09:30 word gelei deur Dr. Petrus Venter**

## Liturgie

Voorsang: Ps 19: 1, 6

### **Ontmoetingsdiens:**

Votum en seën

Lofsang: Ps. 92: 3, 4

Belydenis van geloof

### **Verootmoedigings- en versoeningsdiens:**

Wet: Eksodus 20

Sing: Ps. 107: 1, 4

Gebed

### **Woorddiens:**

Sing: 147: 6, 7

**Skrif:** Jesaja 44:4

**Kategismus:** Sondag 27

Dankgebed

### **Antwoordiens:**

Liefdesdiens: kollekte

Sing: SB. 8-1: 1, 2  
(14: 1, 2)

### **Seënbede**

## *Jesaja 44*

### *Heidelbergse Kategismus: Sondag 27*

### ***MOET ONS DIE KINDERTJIES DOOP?!***

*Natuur en genade, skepping en verlossing mag nooit van mekaar geskei word nie, dit moet ons reeds by ‘n kindjie se doop beseef.*

*Ons gaan die volgende drie sake aan die orde stel.*

*Hoe kindertjies ook tot die verbond van genade behoort.*

*In die tweede plek – hoe hulle die beloftes van die verbond ontvang.*

*In die laaste plek – hulle moet ook wandel in die weë wat hierdie verbond van ons eis.*

## WYK-DIENSBEURTE

Vandag – 21 Julie 2019 – Wyk 1

- **Ouderling:** Br. Leendert Snyman
- **Diaken:** Br. Wikus Snyman
- **Wyksusters:** Sr. Miemie Snyman

- Volgende week – 28 Julie 2019 - Wyk 2

- **Ouderling:** Br. Arthur Williams
- **Diaken:** Br. Lourens Pretorius
- **Wyksusters:** Sr. Annelie Williams

## LIEF EN LEED

- Sterkte aan sr. Marie Fourie wat tans in Bloemfontein is en behandeling ondergaan.
- Ons gebede gaan aan br. Chris vd Merwe met die afsterwe van sy suster.
- Ons gebede gaan aan sr. Kobie Reinecke met die afsterwe van haar suster.

---

## KOLLEKTES

Vandag: 21 Julie 2019

In die banke: **Diakonie**

By die deure: **Emeritaatsfonds**

Sondag: 28 Julie 2019

In die banke: **Dorkas**

By die deure: **Deputate Jeugfonds**

## BEPLANNING

Saterdag 27 Julie – Predikant Verwelkoming

Sondag 28 Julie – Predikant Bevestiging

## VERJAARSDAE

Saterdag 20 Julie – Jngsr. Madrè Erasmus, Br. Andrè Erasmus

Dinsdag 23 Julie – Sr. Nelize Boshoff

Woensdag 24 Julie – Br. Johan Viljoen

Donderdag 25 Julie – Br. Dawie Schoeman

*Baie geluk!! Mag u Gods rykste seën ervaar in die jaar wat voorlê.*

## NUUSFLITS

- Gemeente het nou sy eie webwerf waarop ons geskiedenis, preke, en dies meer afgelaai kan word. Ons is besig om dit te ontwikkel. Besoek solank <https://gkpostmasburg.weebly.com/>
- Die Kosterpos by die Gereformeerde Kerk Postmasburg is vakant, enige belangstellendes in die gemeente kan 'n aansoek indien by die Kerkkantoor.
- Die Kerk benodig 'n bediende vir skoonmaak by die Kerk op Maandae en Vrydae.

## DORKAS SUSTERS

- **Huis Jan Vorster-Mandjie** – Toiletware vir ons inwoners in HJV kan in die groen mandjie geplaas word voor in die portaal. Huis Jan Vorster het ook hul hartlike dank uitgespreek vir die toiletware wat al geskenk is.

## GEREFORMEERDE KERK – BANKBESONDERHEDE

GK –Postmasburg bankrekening nommers:

- ABSA- 2130-3400-35 vir alle **Bydraes**
- ABSA- 90-9779-4784 vir **Kermisinbetalings**
- ABSA- 91-4771-8016 vir **Steak-ete inbetalings**
- ABSA- 2130-28-0008 **Diakonie**
- ABSA- 407-382-6782 **Dorkas Susters**

Verwysings: Lidmaat se Naam en Van waarvoor die inbetalings is bv. steak/kermis  
Stuur bewys van betaling na: [admin@gksa-postmasburg.co.za](mailto:admin@gksa-postmasburg.co.za)

---

## Bestelling van preekklankopnames op CD

Lidmaat: .....

Preek se datum: .....

# KERMISIDEEES

Die Kermis is om die draai. Ons vra aan alle gemeentelede om hulle bydraes by die Kerkkantoor te kom afgee.

Ons benodig nog hande met die vleiswerk op Soetfontein, en so ook die dag van die Kermis self.

Baie dankie aan almal wat reeds 'n bydrae gemaak het en belooft het om te kom help werk.

Kom ons span saam en maak hierdie Kermis 'n groot sukses.

